DEEL 116 | WEEK 21 | 24 MEI 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Spannende tydperk vir SA: Verkiesing 2024

Met die verkiesing om die draai, is daar 'n golf van verwagting en opwinding onder kiesers in Suid-Afrika. Die opkomende verkiesing beloof om 'n interessante en moontlik transformasionele tydperk vir die land te wees. Daar is 'n aansienlike toename in geregistreerde kiesers, met 27,79 miljoen mense wat hulself aangemeld het teenoor die 26,74 miljoen in 2019. Hierdie statistieke beloof 'n boeiende en betekenisvolle verkiesing, met die hoop op groot veranderinge.

Een van die opvallendste aspekte van hierdie verkiesing is die aantal vooraf-geregistreerde kiesers. Stemlokale sal op 27 en 28 Mei van 09:00 tot 17:00 oop wees vir hierdie kiesers. Verder is stemlokale op 29 Mei vanaf 07H00 tot 21H00 beskikbaar vir diegene wat op die dag self wil stem. Die feit dat 396 531 kiesers hierdie jaar geregistreer het om 'n spesiale stem by hul wonings uit te bring en 686 458 om op die voorafbepaalde datums te stem, dui op 'n groot belangstelling en betrokkenheid van die publiek. Dit is nie net plaaslik nie; daar is ook 'n noemenswaardige aantal buitelandse kiesers wat geregistreer het om hul stemme uit te bring. In totaal het 78 092 kiesers in die buiteland hulself aangemeld om deel te neem aan die verkiesing.

Wat stemlokale betref, is daar 23 293 lokale regoor die land. Heilbron het 'n totaal van 18 verkiesingspunte, insluitend Dipkraal, Hoërskool Heilbron, Thabantwa plaasskool, Oorsprong-Oos, en Vyandsvlei. In Sandersville kan jy by die skool self stem en in Phiritona kan jy by die stadsaal stem asook by Phirihadi skool en Kearabetswe skool, om net 'n paar te noem. Kiesers moet onthou om hulle ID dokumente saam te bring na die stemlokaal, waar hulle drie verskillende stembriewe sal ontvang: eerstens dieselfde Nasionale stembrief vir al die kiesers in die land, dan 'n Streek-stembrief en ook 'n Provinsiale stembrief.

Die verwagtinge en hoop vir hierdie verkiesing is hoog, met kiesers regoor die land wat gereed is om hul stemme te laat weerklink en die rigting van die nasie se toekoms te bepaal. Dit is 'n tydperk van demokratiese deelname en die uitoefening van burgerskap wat 'n ware viering van Suid-Afrika se demokratiese proses weerspieël.









# UIT DIE PEN:



## Week 21

Dis nog steeds nie lekker nie. Dis nie lekker om seer te kry nie en dis nie lekker om die seer ding saam te sleep nie. Maar Die Standbeeld is nou (tydelik) deel van my lewe. Sy moet nou maar saam.

Dis mos die naam van ek vir my gebreekte fibula gegee het. Ek weet ook nie meer of dit ’n gebreekte been is nie, want ek sien my doktersbrief lees nou “gebreekte enkel”. Wat ookal. Dis nog seer.

Ons was Maandag ortopeed toe. Hy het die gips afgesny en die steke uitgehaal. Volgens hom is die been vas (nie aangegroei nie) met skroewe en hy gaan nie weer binnekort los raak nie.

’n Ortopeed is ’n anderster dokter. Ek weet, want ons het een in die familie. Ek was 13 jaar oud toe ons familieortopeed gebore is. My oudste boet se oudste seun. Almal se kinders noem my op my naam, want hoe speel jou “tannie” saam met jou as sy nie so oud is soos ’n tannie nie? Op ’n mooi dag het ’n maatjie aan ’n ander broerskind gevra wie ek is. Ander broerskind gee toe my naam.

“Maar wat is sy van jou?” wou die maatjie weet.

“Ek weet nie. Ek dink sy is my oupa se kind.”

Daar was nie ’n tannie-verhouding tussen ons nie. Iedergeval. Familieortopeed word gevra om na sy skoonsuster se knie te kyk nadat diè geval het. Sy was net mooi dertig jaar oud.

“En hoe oud is jy nou?” vra familieortopeed.

“Dertig.”

“Ja, as mens so oud raak, raak dit ook nie makliker nie.” Dis nou vir jou goeie nuus vanaf iemand wat veronderstel is om die seer beter te maak.

Hy is ook die een wat ek laat weet het dat ek die volgende dag gaan vir ’n “open reduction internal traction right ankle fracture.” Dis soos dit op die teater se job card staan. Hy sê: “O, hel.” Ek sê: “Dis presies wat ek wou hoor.”

Iedergeval, ons is darem nou al drie weke verby daardie nagmerrie. Terug by my regte ortopeed. (Die familieortopeed woon baie ver van hier af.)

Maandag, nadat die gips af is, kry ek ’n maanstewel. Ek weet nie wat is die Afrikaanse weergawe van ’n “moon boot” nie. Ons leen die maanstewel by ’n kollega van my goeie man, Johan. Johan en Liandi het twee kinders, Anton en Anushka.

Gestewel en gespoor kom ons huis toe, ek in my rolstoel en goeie man wat my versigtig met die twee trappies op beweeg. Ek slaap daardie aand onrustig. Die bure se hond bly blaf-blaf, blaf-blaf. Teen tweeuur die oggend sê my goeie man dat hy baie sleg voel. Hy lyk soos bordkryt. Wit bordkryt. “Bel vir Johan.”

Ek bel dieselfde maanstewel-Johan om 02:08. Hy is binne 10 minute hier. Teen daardie tyd het my goeie man al sy sak gepak. Hy sluit my in die huis toe en gaan saam met maanstewel-Johan hospitaal toe. Waar ek hier sit en skryf, is hy al vir dag twee in die hospitaal.

Die eerste dag was dit erg. Verskriklik erg. Amper soos daardie magtelose gevoel waarvan ek verlede week gepraat het. Maanstewel-Johan het die huis se sleutel oorgeneem en kom elke oggend en elke aand hier verby. Hy bring vir my kos, hy voer die hond (darem nie dieselfde kos nie), bring vir my water in my bottel, vra of daar nog iets is wat hy kan doen. Liandi maak die kos.

Ek kry boodskappe van heinde en verre. Elkeen wil kom help. Ja, as ek net deur die huis kan loop tot by die deur en die hek om die huis te kan oopsluit. Maar nou kan ek nie.

My Oos-Vrystaatse vriende bel, een dreig om hiernatoe te kom tot ek of my goeie man beter voel. Pretorianers, wie ek nooit eers kon dink hulle sou nie, bied hulle hulp aan. My ander broerskind en sy gesin kom kuier, hulle bring kos. My boet en sy vrou kom voer ons aandete.

My kollega lewer vir my geel en rooi tulpe af. My oom kom kuier. Die werk bring vir my en my goeie man blomme. Van die mense in my afdeling stuur e-posse waarvan die eerste deel is om my beterskap toe te wens en die tweede deel om verlof te vra. My baas vra of hy hospitaalbesoek kan doen namens my.

My goeie man moet nog een toets in die hospitaal ondergaan. Ek glo en bid met my hele hart dat daar niks fout sal wees nie en dat hy daarna sal kan huis toe kom.

En ek wonder vandag: hoe gebeur dit dat mense so goed raak vir jou? Hoe is dit dat mense daarop aandring om goed te wees vir jou? Om uit hulle pad te gaan om te kom help? Om die telefoon om 02:08 te antwoord en iemand hospitaal toe te vat?

My asem is weggeslaan.

Terwyl ek hier sit en myself jammer kry, is daar mense wat vir ons omgee en vir ons bid. Hoe ongelooflik is dit? Ons kan net “wees”, want ander mense dra jou.

Moenie mense in jou lewe te gering skat nie. Elkeen het waarde wat hy toevoeg. Die een ou simpel grappie sê dat almal vreugde bring. Soms is dit deur op te daag en soms is dit deur te vertrek.

Hierdie situasie het my geleer om hulle te waardeer.

Die ironie van hierdie diep geestelike reis waarmee ek en my goeie man besig is, is dat geeneen van bogenoemde helpende hande uit ons huidige gemeente kom nie. Noudat ek daar daaraan dink: dis almal mense met wie ons skouers skuur.

Maar vir elkeen van julle is ek vandag so diep dankbaar.

Ek weet steeds nie hoe dit gebeur dat mense so goed is vir ons nie. Dis kan net ’n gawe van Bo wees.

# Hypertension

## What is hypertension?

*• Heilbron Clinic*

Hypertension means high blood pressure. You can't feel that your blood pressure is high, that is because high blood pressure doesn't make you feel sick. You may not even know that you have it. Ask the sister or doctor at your nearest clinic to test your blood pressure.

Remember to take your hypertension medication every day as prescribed by the doctor or sister.

**What increase the risk of getting hypertension?**

- Overweight
- If other family members have hypertension
- Pregnancy
- No exercise
- Certain drugs and medication
- Stress
- Age (older people have a higher risk)
- Men also have a higher risk than women

**What food can have an affect on your blood pressure?**

**Fat**

A high fat diet can cause you to become overweight, which in turn can lead to hypertension.

**Choose a diet low in fat!**

- Remove all fat from meat before cooking.
- Remove skin from chicken before cooking
- Avoid meat, which contains a lot of fat for example bacon, polony, vienna's, russians and boerewors.
- Do not fry foods in deep oil, rather roast, boil or bake. Rather use low fat margarine or spray and cook.
- Do not add margarine, butter or oil to vegetables, porridge or other foods.
- Eat less french fries, chips (eg. Simba), pies, pastries biscuits, cakes, chocolate and other fatty foods.
- Rather use skimmed or 2% low fat milk, instead of full cream milk.
- Avoid coffee creamers (Cremora or Ellis brown) and condensed milk.

**Alcohol**

Alcohol can increase your blood pressure, If you drink alcohol, drink no more than 1 drink for women and 2 drinks for men. 1 drink =

- 120 ml /1 glass of wine or
- 1 can of beer or
- 60 ml spirits

**Fibre**

Roughage (fibre) will help to bring your blood pressure down.

**How do I eat more fibre?**

- Oats and legumes (e.g dry beans and lentils) are good sources of fibre.
- Use brown or whole-wheat products, e.g. brown bread, brown rice, oats, mealie rice and barley instead of refined foods.
- Fruits and vegetables must be eaten raw with skin (where possible)

Remember to drink lots of clean safe water.

**Salt**

Foods high in salt affect your blood pressure by increasing it.

**Try to avoid the following:**

- **Bottles:** Soya sauce, Worcester sauce, Tomato sauce, Chutney, Marmite.
- **Packets:** Instant soups and other "instant" products, potato chips.
- **Cans:** Baked beans, cannned vegetables, bully beef.
- **Other:** Salt, beef or chicken stock, Aromat.

**What should I do except for changing my diet?**

- Be active. That doesn't mean you have to do hard exercises. Climbing stairs or going for a walk is also activity. Try to be active for more than 20 minutes in a day.
- Stop smoking. Smoking can increase blood pressure.
- If you are overweight it is important to lose weight, because being overweight can increase blood pressure.

# Rommel weg, slaggate gevul



Tydens huisbesoek vir die verkiesing van volgende Woensdag, is twee Heilbron DA-raadslede “oorval met klagtes”.

Die twee, Rdle Robert Ferendale en Joseph Mbele, het toe fondse by die DA bekom om veral Sandersville se rommel op te ruim. Baie inwoners het geesdriftig saamgewerk, veral toe die twee hul projek afskop met ’n sopkombuis. Eergister en gister het hulle ook van die talle slaggate begin herstel.

“Maar Sandersville alleen het te veel: ons kan nie elke gat herstel soos gebeur in DA-beheerde dorpe nie,” sê hulle.

# Inbraak by Hoërskool Heilbron

Wat gewoonlik as die lekkerste dag van die week beskou word, het vinnig in 'n nagmerrie ontaard! Die personeel en kinders van Hoërskool Heilbron was Vrydagoggend geskok toe hulle by die skool opgedaag het en die verrinneweerde toestand van die kantoor gesien het. Verdagtes het vermoedelik Donderdagaand die skool deur die dak binnegedring en het die groot kluis oopgesny, vermoedelik om enige waardevolle items te bekom. Alhoewel daar geen kontant op die perseel is nie, het die diewe weggekom met elektroniese toestelle. Daarbenewens het hulle ook die kantore gevandaliseer deur drade van rekenaars ensovoorts, uit te ruk. Die saak is by die Heilbron polisie aangemeld en word tans ondersoek.



# Bring it home Miya



*Nkutu "Balbao" Miya (30) from Mamafubedu, Petrus Steyn has been invited to compete at the International Body building Federation F Championship in Toronto,. Italy on the 25 May 2024. He will be representating South Africa after winning the IBFF Africa 2023.*
*Bring it home Miya!!*

# Crazy Store en Rage open deure in Heilbron






Heilbron gaan verseker vooruit. Die verskeie nuwe besighede wat hulle deure in Heilbron oopmaak, is beslis 'n teken van die potensiaal wat die dorp het. Alhoewel Russels 'n ruk gelede hulle deure gesluit het, is daar twee nuwe winkels waaroor die dorp vreeslik opgewonde is. Crazy Store het Dinsdag sy deure geopen en Rage, die klere- en skoenwinkel, het Woensdag sy deure vir die publiek geopen.

Met winkels soos Crazy Store, Rage, Steers, U-Save, Pep Home, en OK MiniMark wat in die laaste jaar hulle deure geopen het, kan Heilbronners net sien hoe die dorp groei en ontwikkel. Hierdie nuwe ondernemings bring nie net 'n wyer verskeidenheid produkte en dienste nie, maar ook meer werkgeleenthede en 'n toename in ekonomiese aktiwiteit vir die gemeenskap.

Die inwoners van Heilbron is opgewonde oor die groei en die geleenthede wat hierdie nuwe winkels bring. Dit is duidelik dat Heilbron 'n helder toekoms het, met meer ontwikkeling en vooruitgang wat op die horison is.

## INSPIRASIE RESEPTE

Pasch du Plooy



### SAUCES

This is a recipe we developed for an easy and very flavourful pepper sauce. The best about this sauce is that it freezes well and can be made in advance. If you like pepper sauce, this is for you. Give it a try!

Preparation time: 30 minutes | Cooking time: 20 minutes
Serving: 10 – 12 portions

**Mixed peppercorn steak sauce**
**Ingredients for the mixed pepper sauce**
125ml white wine
125ml red wine
50 ml brandy
1 tbs brown sugar
1 cup fine chopped onion
2 tbs crushed garlic
2 tbs cracked mixed pepper corn
2 tbs green peppercorn with brine
4 tbs chopped parsley
200ml cream
4 tbs Oil

**Ingredients the white sauce base**
625ml beef stock
(made according to packet instructions)
25 grams butter
40g flour
2 bay leaves
A ¼ white onion

**Method for the white sauce base**
Too a large pot, add the butter, bay leaves, and onions. Melt the butter over medium heat until the onion starts to fry gently. Now whisk in the flour. Cook the flour over medium heat until lightly browned about 10 minutes. Once the flour is brown, remove the onions and bay leaves. Now add the warm stock cup by cup while whisking, make sure now lumps forms. Once all the stock is added, cook over low heat for 5 minutes. Blend with hand blender and set aside until needed.

**Method for the mixed peppercorn sauce**
Fry the garlic onion and thyme until the onions turns light brown. Now add the cracked pepper corns and fry for 5 min. Add the brandy and burn of the alcohol. Now add the wine and brown sugar, green peppercorns and boil until pot is almost dry Reduce heat to low, add the chopped herbs, now add your white sauce, and cook for 5 minutes over low heat. then whisk in the cream. Continue to simmer for 2-3 minutes until the sauce is slightly thickened and glossy. Season with salt and some brown sugar to taste. Add extra cream if sauce is too thick.

**How to serve**
Serve with your favourite steak!



Lewensviering van
Lukas Swart
28 April 1968 – 18 Mei 2024


PitStop vir Jesus
saam Jan Curtin
Gratis Ingang & Ete
15 Junie 2024
NG-Suid Kerksaal,
Heilbron om 13:45




Bespreek teen 12 Junie
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775



Dringend op soek na huise!!
Wil jy jou huis verkoop of verhuur?
Kontak ons vandag nog!
HEILBRON EIENDOMME
Annelize 082 331 9856






This advertisement/advertorial has been paid for by the relevant political party and represents the view of the client, and not that of the publication featuring it.



SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr Langmark & Steyn St. Heilbron
083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# Heilbron Clinic awarded for Excellence

In a remarkable achievement, Heilbron Clinic was honoured during the International Nurses Day celebrations held in Bloemfontein. The clinic proudly received a trophy and certificate recognizing it as the best clinic in the Fezile Dabi district. This prestigious award highlights the clinic's commitment to providing exceptional healthcare services to the community. The accolade is a testament to the dedication and expertise of the entire Heilbron Clinic team, whose efforts have significantly improved the quality of healthcare in the region.
Moreover, Heilbron Clinic has consistently maintained the platinum standard as an Ideal Clinic, a rigorous benchmark that ensures healthcare facilities meet the highest standards of service delivery, patient care, and operational efficiency. This recognition underscores the clinic's unwavering commitment to excellence and its role as a model healthcare provider in the Free State.
In addition to these honours, Heilbron Clinic was also awarded a certificate for excellence in compliance from the Office of Health Standards Compliance (OHSC).
The celebrations in Bloemfontein brought together healthcare professionals from across the region, providing an opportunity to celebrate their achievements, share best practices, and discuss the future of healthcare. The recognition of Heilbron Clinic among such distinguished companies is a source of immense pride for the staff and the broader community it serves.
The accolades awarded to Heilbron Clinic are not just symbols of recognition but also serve as motivation to continue striving for excellence in healthcare. The clinic's ongoing commitment to improving health outcomes and maintaining high standards of patient care ensures that it remains a vital asset to the Fezile Dabi district and beyond.




*Mosa Mtolo, Thia Rossouw, Ellen Maloka, Ischmael Mohlamme, Petrus Lekota, Hettie Rothman (Operational Manager), Madri Bergh, Riekie Els, Sibongile Ramohlokoane, Lenie Roodt en Pulani Nakeli.*

# OK Foods Heilbron skep hoop in die midde van waterkrisis

In die aangesig van die huidige waterkrisis het OK Foods Heilbron besluit om 'n positiewe verskil te maak deur skoon drinkwater aan die gemeenskap te voorsien. Die voedselkettingwinkel het 10 000 vyf-liter waterbottels aangekoop en gevul om uit te deel aan dié wat dit die nodigste het.

Die projek het verlede Vrydag afgeskop by verskeie skole, waaronder Hoërskool Heilbron, Sandersville, School of Destiny en Boithumelong, toe reeds hul gefilterde drinkwater ontvang het. Hierdie week is die plan om waterbottels by verskeie kerke in die gemeenskap te versprei.

Pieter Pienaar, bestuurder van OK Foods Heilbron, verduidelik dat die doel is om soveel as moontlik skoon drinkwater aan die gemeenskap te verskaf. “Ons wil seker maak dat elke huishouding toegang het tot skoon drinkwater,” sê hy.

Die projek werk soos volg: elke bottel is gemerk met 'n spesifieke plakker wat die persone in die gemeenskap in staat stel om gratis hervullings te kry tot en met 1 September. Pienaar verduidelik dat alhoewel hulle nie waterpype kan aanlê vir die hele gemeenskap nie, kan hulle wel gefilterde water verskaf om 'n verskil te maak.

Jaap, die eienaar van OK Foods Heilbron, het met hierdie inisiatief vorendag gekom nadat hy van die waterprobleme in die gebied gehoor het. “Ons het die behoefte aan skoon drinkwater raakgesien en besluit om daadwerklik op te tree,” sê hy.

OK Foods Heilbron se daad van welwillendheid skyn soos 'n ligstraal van hoop in moeilike tye en demonstreer die krag van 'n gemeenskap wat saamwerk en mekaar ondersteun.





*Op die foto bo ontvang leerders van Hoërskool Heilbron water van Pieter Pienaar, bestuurder van OK Foods Heilbron.*

# Heilbronners pak die Midas Road wedloop aan



*Op 19 Mei het 'n paar lede van die gemeenskap hulle uithouvermoë en fiksheid getoets deur deel te neem aan die Midas Road Runners wedloop. Die groepie het dit vreeslik geniet en het met groot geesdrif deelgeneem. Hierdie entoesiastiese groep neem gereeld aan sulke byeenkomste deel en gebruik dit as 'n geleentheid om gesond te bly en die gemeenskap te versterk. Dit was 'n dag vol pret, kameraadskap en sportiewe prestasies wat die deelnemers sal bybly. Op die foto vl: Sheldon Pienaar, Elvandre April, Serame Makutso, Gift Roets, Keith Gentleman, Lepekola Thapedi, Botha Mafereka en Aldrid Meyer.*



# Lushay an upcoming model

Lushay Barends, a 7-year-old from Sandersville, has made remarkable achievements in beauty pageants. In 2023, she participated in three competitions and won two titles: Queen of Little Miss Sandersville and Queen Junior Miss Class. This year, on Sunday, 19 May 2024, she was crowned as 1st Runner-Up in the Little Miss Empower of SA for the 7-9 age group. Additionally, she earned the titles of Role Model of the Year and Outstanding Stage Presence in the same age group.

Lushay's success has earned her an automatic entry into the Miss Teen Excellency 2024, which will be held in September. Her family extends their heartfelt thanks to everyone who supported her, contributed to her votes, and made donations for her community work. The continued community support on her journey is greatly appreciated. This talented young girl is proudly representing Heilbron.

# Selfdoeners doen dit weer



*André Coetzee en sy span maak groot vordering met die skoonmaak van die dorp. Die gemeenskapslede, wat hulself as die "Selfdoeners" beskryf, is tans besig by die taxistaanplek. Jonk en oud neem deel aan hierdie inisiatief. André wil graag sy dank uitspreek aan sy buurman se seun, asook aan Sagrys en Amanda, vir hul hulp om die dorp weer skoon te maak.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **ELS**
First names: **JUDITH JACOBA**
Estate number: **875/2024**
Identity/passport number: **3307040025088**
Date of death: 29/10/2023
Lastaddress: **THE FARM PHINIES-RUS**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
NOMINEE OF CORNELIUS & PARTNERS INC. - AMANDA ANNE SCHUTTE
40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650
Advertiser E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Advertiser Telephone: **058 852 2035**
Reference:
Date submitted: **2024/05/09**
FOR PUBLICATION ON: **2024/05/24**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **MOHOANG**
First names: **MOLEFI ISAAC**
Estate number: **3772/2023**
Identity/passport number: **580510 5842 089**
Date of death: **21/03/2023**
Last address: **ERF 1105, PHIRITONA, HEILBRON**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 24 May 2024 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**NTOBOKWENZANI SARA MOHOANG**
Identity/Passport Number: **570808 0666 087**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
NOMINEE OF CORNELIUS & PARTNERS INC. - AMANDA ANNE SCHUTTE
40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650
Advertiser E-mail: **aktesb@corven.co.za**
Advertiser Telephone: **058 852 2035**
Reference: **AA SCHUTTE/jf/**
Date submitted: **2024/05/17**
FOR PUBLICATION ON: **2024/05/24**

## VERLORE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte Nommer **T8574/2017** geregistreer in die naam van **JAN DE KOCK FAMILIETRUST** Registrasienommer **IT1939/2002** ten aansien van die Plaas Annasdeel 1307, distrik Frankfort, provinsie Vrystaat en die Plaas Francois 1310, distrik Frankfort, provinsie Vrystaat, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 17de dag van Mei 2024.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/E05342**
**YORKWEG 1A, WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**e-pos adres: bloemwess@internext.co.za**
**Kontaknommer: 051-436 1209**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **T464/1999** passed by **WILLIAM ANTON ATKINSON, Identity number 640803 5181 006,** Married out of community of property in favour of **THE CONVENT OF SISTERS OF ST PAUL** in respect of certain.
**1. ERF 317, PETRUS STEYN, DISTRICT LINDLEY, PROVINCE FREE STATE and**
**2. ERF 319, PETRUS STEYN, DISTRICT LINDLEY, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Reitz this 22nd day of May 2024.
**BLIGNAUT &WESSELS ATTORNEYS**
**29 SAREL CILLIERS STREET,**
**REITZ, 9810**
**bligwes06@gmail.com**
**Tel: 058 863 2884 / 5**

Vadersdag Sondag, 16 Junie 2024.
FATHER'S DAY

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskapkoerantenstuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# FLU-VACCINE

***• Heilbron Clinic***

Available at you own clinic for free.






# VOER TE KOOP

Kontak 083 688 8256




Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

POSTNET HEILBRON

## BESIGHEIDSURE

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| 1 Jun | Bronnies Gholfdag |
| 2 Aug. | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| 3 Aug. | BoereTreat |
| 17 Aug. | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| 31 Aug. | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Geskiedenis gemaak

Die afgelope naweek het 19 spelers van Heilbron Rolbalklub die 40 km na Petrus Steyn aangedurf vir ’n jaarlikse interaksie met Petrus Steyn Rolbalklub. Daar is heerlik saamgekuier en rolbal uit die boonste rakke gespeel, bande is gebou en nuwe vriendskappe is gesluit. Dit is die 2de jaar wat die twee klubs bymekaar kom en ‘n eerste interdorp wat op Petrus Steyn plaasvind nadat die klub byna tot niet gegaan het a g v waterprobleme. Danksy ‘n paar planmakers en wilskrag is die klub weer aan die gang en word Woensdae en Saterdae balle gerol. Op so ’n dag moet daar darem ook ’n wenspan wees. Mike Botha, Babs Knoesen en Martin Botha het die meeste punte aangeteken.

“Meanwhile” in Tsipise het Sonja Muller as skip van haar span die “Big Five Borgdag” gewen terwyl hulle vir ’n vinnige besoek daar was.

Op 29 Mei word daar die middag nadat jy jou kruisie getrek het sosiale rolbal by Heilbron Rolbalklub gespeel. Almal is welkom. Inskrywings vir Valsrivier pare is oop en lede word aangemoedig om in te skryf.



Heilbron en Petrus Steyn deelnemers.






Op die foto vl: Mike Botha, Babs Knoesen en Martin Botha.

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

NOW ON PROMOTION
WHILE STOCKS LAST | VALID UNTIL 31 MAY 2024
Optimizor Premium Adult 20 kg R480
African Water Tank Sahara/Green 2 500 L R2 400
Franklin Pressure Pump AQD 60M+AQD01 CONTR 0.37KW 230V R1 250
Only available at VKB Heilbron.
www.vkb.co.za | for the LOVE of the LAND
31 Paradys Street, Heilbron | Tel: 058 852 3499
vkb

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 27 MEI 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
FRANKFORT: HG MULLER TESAME MET GH MULLER
495 Bokke
11:00, Kleinhoewe, Frankfort
Kontak Jan Hendrik Claassen 074 490 5451
FRANKFORT: GH MULLER & SEUNS
1550 Skape en 15 Bulle/osse
11:00, Kleinhoewe, Frankfort
Kontak Jan Hendrik Claassen 074 490 5451
DINSDAG - 28 MEI 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
GROENVLEI: RIETVALLEI BOERDERY
BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Boetjan van der Wath 072 626 9242
WOENSDAG - 29 MEI 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DONDERDAG - 30 MEI 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
PARYS AFRI-DOME: SENTRAAL STREEK BRANGUS OPMARS NA DIE NOORDE XI
11:00, Afri-Dome
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VRYDAG - 31 MEI 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06

BEESDAG BY GOTTENBURG I 31 MEI 2024 OM 10:30
GOTTENBURG BOEREVERENIGING Sedert 1956
R100 P/P
STEAK ETE
KONTANT KROEG
2024 VEILINGS BULLE OP UITSTALLING
09:30 - UITSTALLERS
10:30 - GASSPREKERS
GERRIT VAN ZYL
NORMAN ROTHMA - RLTS
TINUS HAVENGA - FARM SPACE
RSVP BY VOOR 25 MEI: GERRIT: 082 769 0344 I JANNIE: 072 287 4111